**Woensdag 11 Oktober**
**Skrifgedeelte: Filémon 1:16 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Filémon 1:16**
**In Christus is ons broers!**

Dink net watter verskil kom daar in Onesimus se verhouding met Filemon noudat hy ’n gelowige geword het! Hy is nou nie meer net ’n slaaf nie, maar ook ’n broer. Slaaf en eienaar is nou lede van God se gesin en daarom gelykes voor die Here.

Onder ons as gelowiges behoort daar geen skeiding op grond van sosiale status of enigiets anders te wees nie. Ondersoek jou hieroor voor God. Is daar medegelowiges op wie jy neersien? In watter lig sien jy jou werknemers wat uit genade in Christus glo?

Herinner jouself dat hulle jou broers en susters in Christus is. Voor Christus is julle gelykes: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één” (Gal. 3:28).

*Sing: Psalm 133-2:1*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*